

**SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 9:1-13**

**FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 9:6**

## **Jehu – God voer sy beloftes uit**

In 1 Konings 19-15-17 was een van Elia se opdragte dat hy Jehu as koning moet salf. Elisa, op wie Elia se profetekleed geval het, moet nou hierdie opdrag uitvoer. Elisa stuur een van sy profete om hierdie opdrag te gaan uitvoer.

Sy opdrag is: salf Jehu tot koning en vlug dadelik daar weg, want hierdie salwing gaan uiteindelik tot die uitwissing van Agab se koningshuis lei. Die jong profete voer sy opdrag uit – hy gaan na Ramot in Gilead, identifiseer Jehu onder ander offisiere, neem hom na 'n ander vertrek en salf hom as koning.

In sy salwing van die koning betoon hy die nodige respek, maar herinner Jehu dat hy deur die God van Israel koning gemaak is. Sy mag kom van God af. In daardie lig moet hy dit gebruik en besef dat hy aan God verantwoording verskuldig is vir die gebruik daarvan. Verder is hy gesalf as koning oor Israel, die volk van God. Al is Israel se verhouding met God deur hulle ongehoorsaamheid en ontrouheid vertroebel, bly hulle nog sy volk. Hy moet oor hulle regeer volgens God se wette.

Die jong profete vlug nie dadelik nie, maar bevestig dat hierdie gesag van God kom en dat die doel daarvan is om die koningshuis van Agab uit te roei. Jehu is instrument in die hand van God om sy woord waar te maak.

Agab en sy huis het deur hulle optrede God sy eer ontnem. Hulle het die woord van God probeer keer deur die profete dood te maak. Die verbondsvolk is deur die verleidinge van Isebel geestelik verarm.

Wie God sy eer ontnem, wie 'n struikelblok in die koms van die koninkryk van God is, kom onder die toorn van God. Verskriklik is dit om te val onder die toorn van die lewende God. God het Agab en sy huis gewaarsku, maar na al die openbaringe van God se grootheid en soewereiniteit, was daar geen bekering nie. Daarom ontvang Jehu die opdrag om God se Woord waar te maak.

*Sing: Skrifberyming 15-5:4, 5, 6, 7*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)*